Jesus en sy twaalf apostels by die laaste avondmaal, soos uitgebeeld deur Cecil Skotnes

Avondmaal van Konfrontasie

Kunskenner Frieda Harmsen interpreteer hier die indrukwekkende muurskildery van "Die Laaste Avondmaal" deur Cecil Skotnes by Santa Sophia sentrum in Waterkloof.

In *Die Laaste Avondmaal* het Cecil Skotnes nie net dertien mans geskilder nie. Die skildery is vol verwysings na vroeëre kunswerke, simboliek en persoonlike gedagtes oor die gebeurtenis. Skotnes het beweer dat die Laaste Avondmaal nie meer 'n Joodse feesmaal is nie:

'*Christ is looking far beyond himself,*' het hy gesê, *'well into the future which is what this supper is all about... It was Passover time, but this is not a traditional Passover supper because it didn't fit anymore. From the moment that Christ sat down with these twelve, Passover became the Last Supper, and the Last Supper was the launching of Christianity.'*

Maar dit gaan hoofsaaklik oor die verskillende persoonlikhede van die apostels. Elkeen is geïdentifiseer, en Skotnes het gepoog om die temperament van elk uit te beeld. So byvoorbeeld slaan Jacobus – 'Seun van die donder' – die lug stukkend met sy vuis, terwyl Simon die fanatikus gereed staan om 'n karatehou uit te deel. Andreas probeer dié twee vegbase te kalmeer. Heel aan die ander kant van die tafel probeer Petrus – die Rots (en let op hoe lyk sy liggaam soos 'n rots) – homself inhou.

Waarom is daar so 'n beroering?

Dit gaan oor 'n konfrontasie tussen Judas en Johannes. In 'n vorige stadium van die skildery het 'n gefrustreerde Judas vir Jesus gekonfronteer. Waarom het Jesus dan niks heldhaftigs gedoen om die Romeine te oorrompel nie? Maar Jesus reageer nie, want hy sien die Nuwe Jerusalem in die verre toekoms. Judas storm dus op Johannes af wat verskrik maar tog vreesloos sy hande verdedigend voor hom hou. Dus sien ons hier 'n heel algemene menslike situasie: konflik, maar ook 'n konfrontasie tussen goed en kwaad. Die res van die groep maak gereed om in die konflik betrokke te raak, sy dit om saam te baklei óf om 'n poging aan te wend om die vrede te herstel, of – soos Bartolomeus in die linker hoek – te bid vir 'n oplossing.

Die hande is dinamies en veelseggend: kwaad, veglustig, kalmerend, verdedigend, verbaas... Hulle vorm tesame 'n festoen wat geanker word in die rustige, beskermende hande van Jesus. Behalwe dié van Judas. In 'n vorige stadium het Judas nog die beursie waarin die dertig stukke silwer was, vasgehou, maar nou hang sy hand mageteloos aan sy sy.

Die tema van hierdie skildery is inderdaad *Die Laaste Avondmaal*. Maar sy diepere betekenis gaan oor die universele mens – die Jan Alleman wat ons self is en met wie ons altyd mee gekonfronteer word. •